CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken


# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C H O

JAARGANG XXXVI | NOMMER 12 | 23 MEI 1980


PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

## Kampus verfraai

Die bouprogram van die afgelope aantal jare het daartoe gelei dat die kampus tot onlangs toe nog 'n onnette voorkoms gehad het. Die terrein word nou geleidelik herbou, maar die werk vorder stadig omdat daar volgens 'n landskapsplan te werk gegaan word om werklik iets groots van die nuwe PU-kampus te maak.

Studente kan daartoe bydra om die verwaarloosde deel van die kampus netjies te laat lyk. Dit is egter nie die geval nie, nie eers in gevestigde dele soos die Studentesentrum nie.

Weggooimateriaal het die afgelope jare baie toegeneem, en 'n mens sien dikwels papiere en blikkies op die kampus rondlê.

Volgens mnr. Simon Geertsema, direkteur van kampusdienste, is daar nie só 'n groot tekort aan vuilgoedblikke dat mense 'n verskoning het om papiere rond te strooi nie. 'n Nuwe soort vullisblik word ontwerp en heelwat daarvan sal op strategiese plekke op die kampus geplaas word om deel van die nuwe kampusplan uit te maak.

Studente maak hulle self skuldig aan vandalisme. Boompies wat op die parkeerterrein wes van Thabo Jäh aangeplant is, is omgery en moes vervang word. Dit sluit die eerste aanplantings deur die Rektor en SSR-voorsitter, in. Voor die Ekonomiese Wetenskappegebou is 'n boom met ink bemors. Koshuisslagspreuke op geboue, veral met groot kampusaksies, is ook baie ontsierend.

# Rudolf lei Karnaval

**Mnr. Rudolf Burger is aangewys as die nuwe karnavalvoorsitter vir Karnaval '81.**

Hy onderneem om Karnaval '81 weer iets groots te maak en dat elke Puk deel sal wil uitmaak van die jaarlikse gebeurtenis.

Mnr. Burger het vir hom drie mikpunte gestel vir Karnaval. Eerstens wil hy hê dat Karnaval '81 elke student op die kampus sal betrek en dat alle studente deel sal uitmaak van die verskeidenheid van aksies wat aangebied sal word. Dan wil hy ook sien dat van Karnaval gebruik gemaak sal word om reklame vir die universiteit te doen buite. Hy dink veral aan aksies wat sal plaasvind buite die kampus in naburige dorpe en in ons eie dorp waar elke studente sal optree om 'n positiewe beeld aan die publiek agter te laat. Derdens wil hy sien dat die geldinsamelingsveldtog uitgebrei word maar nog steeds op 'n gesonde basis sal geskied.



*Mnre. Jan Botha, Karnavalvoorsitter '79, Rudolph Burger, Karnavalvoorsitter '81 en Stephan Pretorius, Karnavalvoorsitter '80.*

# ASB en Kleurlinge werk saam

**Dit moet aan die hoofbestuur van die ASB opgedra word om ondersoek in te stel na 'n samewerkingstruktuur met kleurlingstudente.**

Dié mosie is deur mnr. Corné Mulder ingedien en aanvaar deur die Studenteparlement wat op 13 Mei gehou is. Mnre. Theuns Eloff, Corné Mulder en Abrie de Swardt (van die UOVS) het as ministers opgetree.

Die mosie oor affiliasie van die kleurlinge by die ASB wat verlede jaar tydens die ASB-kongres geneem is, is deur die parlement verwerp.

Mnr. Theuns Eloff het ook 'n mosie ingedien waarin die Studenteparlement die ASB versoek om in woord en daad alle onchristelikheid, diskriminasie en ongeregtigheid te verdoem. Daar moet na kanale gesoek word om sulke uitwasse teen te werk.

In die mosie word ook gevra om bruin studente te versoek om in te skakel by 'n nasionale studente konvensie wat deur die ASB gereël word. Dié mosie is ook deur die Studenteparlement aanvaar.

## Lyste is soek

Daar is nog 273 kollektelyste van PU-eerstejaars uitstaande. Die Karnavalkomitee is geregistreer onder die Nasionale Welsynswet (Wet 100 van 1978) en is daarom verplig om alle kollektelyste voor einde Mei in hulle besit te hê.

Die Karnavalkomitee doen 'n beroep op alle skuldiges om die lyste of 'n beëdigde verklaring waarin volle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar word by die Karnavalkomitee van die PU in te handig. Daar bestaan 'n volledige lys van eienaars van uitstaande kollektelyste. Alle lyste of verklarings wat nie voor 31 Mei terug ontvang is nie sal ingevolge die welsynswet (Wet 100 van 1978) vervolg word.

## SSR moes massa afstel

Die massavergadering wat op 7 Mei gehou is, is deur net vyftig studente bygewoon.

Die vergadering wat swak bygewoon is, is meestal ondersteun deur SSR-lede en hul gesellinne. Die massa was dus nie verteenwoordig nie.

Verskeie belangrike sake soos die SSR en politiek, die bedanking van mnr. Bert Sorgdrager, die Intervarsity teen RAU en algemene studentesake was op die agenda vir bespreking.

Mnr. Du Plooy het sy spyt uitgespreek dat die vergadering so swak bygewoon is en bygevoeg dat hy nie weet hoe die massa in die toekoms betrek gaan word nie.

Die vergadering moes afgestel word omdat daar nie 'n kworum teenwoordig was nie.

**OP SATERDAG 24 MEI SPEEL PU vs POTE RUGBY: Vervoer word gereël vanaf Oosterhof en Sentrale eetsaal. Busse vertrek om 14h30. Die hoofwedstryd begin om 16h00.**

# Kakebeen af

**Mnr. Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter se kakebeen is tydens 'n rugbywedstryd op drie plekke gebreek.**


Hy het dié besering opgedoen in 'n losskrum in 'n koshuisligawedstryd tussen Amajuba en Hombré, toe hy 'n kniestamp teen sy kakebeen gekry het. Die ongeluk het in die eerste helfte van die wedstryd plaasgevind.



*Mnr Jan-Louis du Plooy*

Aangesien mnr. Du Plooy se kakebene aanmekaar vasgebind is, en dit baie moeilik en pynlik is om te praat, is sy aansoek om ontheffing van sy pligte vir ten minste twee weke goedgekeur. Die verbande sal ná ongeveer vyf weke afgehaal word, maar dit is nog onseker of hy volkome genees sal wees.

Mnr. Du Plooy is nie seker of hy weer gaan rugby speel nie.

Die Student se Bank.

As student is jy voor in ons boek.

Kyk net na ons dienste vir studente:
Spaarrekeninge
Laekoste-tjekrekeninge
Versekering
'n Studentesakebestuurder wat jou taal praat.
Kom gesels gerus met ons.

Daar steek meer in bankwese by die Professionele Mense.

BARCLAYS

Barclays-Nasionale Bank Beperk · Geregistreerde Handelsbank

JWT J.WALTER THOMPSON 7324/A

Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater

# Studentekuns kry R8 000

**Kuesta 80, die jaarlikse kunsfees van die ASB vind plaas op 8 en 9 Augustus en word vanjaar aangebied op die kampusse van die Universiteit van Pretoria en NKP.**

Die kunsfees word geborg deur die Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging. Die oorhandiging van 'n tjek van R8 000 aan die reëlingskomitee van Kuesta het op 2 April plaasgevind.

Daar is ses kategorieë waarin studente kan deelneem. Deelname sal op 'n kompetisiebasis tussen individuele studente geskied.

Op 9 Augustus sal al die verskillende universiteitskore in die gehoorsaal van UNISA optree, waartydens daar ook 'n gasspreker sal optree. Daar word verwag dat ongeveer agt honderd studente aan die kunsfees sal deelneem.

Onder afdeling A, wat musiek behels, kan in die volgende kategorieë deelgeneem word; solo klavierspel, solostrykers, instrumentale begeleiding.

Die kategorie drama val onder Afdeling B en word verdeel in: poësie, mondoë en draloë, eenbedrywe en 'n Leipoldt afdeling. Letterkunde val onder Afdeling C en word verdeel in prosa, poësie en drama (eksperimentele werke).

Die kategorie kuns val onder Afdeling D en dit word verdeel in die volgende kategorieë: beeldhouwerk, grafiese werk, skilderkuns en opsioneel. Argitektuur val in Afdeling E en dit word in die volgende kategorieë verdeel; eerste jaar — twee dimensionele ontwerp, tweede jaar — woonhuis ontwerp en derde jaar; publieke gebou ontwerp. Die laaste kategorie waarvoor studente kan inskryf is fotografie. Dit word ook in drie kategorieë verdeel naamlik, monochroon, dia-positief, en 'n ope-afdeling.

Die sluitingsdatum van alle inskrywings is 2 Junie 1980. Inskrywingsgeld beloop R5,00 per inskrywing en die maksimum aantal inskrywings per student is vyf. Persone wat verblyf nodig het kan dit reël teen R10,00 per persoon.

Die prysgeld is R150,00 per afdeling. Algemene navrae in verband met enige onduidelikheid kan gedoen word by Koos Kemp, voorsitter van die reëlingskomitee (Tel. 42-1393 — Pretoria) of Riaan Neethling (Tel. 78-7616 — Pretoria) of by Corné Mulder, SSR-lid ASB.

## 'n Week oor vir poësie

**Die sluitingsdatum van Die Wapad-poësiekompetisie is eerskomende Vrydag, 30 Mei. Daar is dus slegs een week oor vir voornemende deelnemers om in te skryf.**

Inskrywings moet Die Wapad by Bussie 13 by die Inligtingskantoor in die studentesentrum vóór 30 Mei bereik.

Reëls vir die kompetisie is in die uitgawe van 9 Mei 1980 van Die Wapad bekend gemaak.

Die uitslae van die kompetisie behoort in Augustus bekend te wees.

**Oulike koppies vir sleeptyd**



en ta le ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

**Insleep** -geskenkwinkel Gift Shop


TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033

**guys & dolls**

vat dit kop toe!







Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!

Die uwe,

GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.



*Die Skrywerskring het Vrydagaand, 9 Mei 'n gesellige vergadering in die klein sitkamer van die Studentesentrum gehou. Vroeër die middag het die lede 'n braaivleis gehou. Heel regs op die foto is Henk Wybenga, 'n oud-lid van die Skrywerskring. Hy is tans kunsbladredakteur van 'n Johannesburgse dagblad.*

# Mariken genotvol en voortreflik

**Mariken van Nymegen was besonder geslaagd. Dit is op 7 en 8 Mei in die ouditorium van die Hennie Bingle-studentesentrum aangebied. Die regisseuse was Elize Scheepers.**

Die Middeleeuevereniging van Suidelike Afrika wat in Junie 1980 hulle internasionale kongres op Potchefstroom hou, het die Departement Spraakleer en Drama versoek om tydens dié kongres 'n Middeleeuse spel op te voer. Die keuse het geval op "Mariken van Nymegen". Dit is deur Rob Antonissen uit Middelnederlands vertaal.

Die Departement Spraakleer en Drama het gevoel die harde werk van die spelers verdien meer as die enkele optrede voor die kongresgangers. "Buitendien verdien die publiek van Potchefstroom die geleentheid om met Mariken kennis te maak," volgens dr. Elize Scheepers.

In die mirakelspel, en by uitstek in "mariken van Nymegen", word die omstandighede in die Middeleeue uitgebeeld. Die absolute oorkoepeling van die kerk oor die hele samelewing word uitgebou in die opvoering van die waspel, die beheptdheid met die duiwel en die gesagsstruktuur met die pous bo-aan.

Dié mirakelspel is nie net tipies Middeleeus nie, maar deur en deur Rooms. Vandaar die waspel as "boeke vir die leke".

'n Mens kan nie anders as om dankbaar te wees vir Reformatore wat die mens se oë oopgemaak het vir die Roomse godsdiens nie.

Wat die aanbieding van die stuk betref, kan mens min foute bespeur. Sulette Thompson as Mariken het haar rol verteenwoordigend vertolk. Sy was deurentyd oortuigend.

Gerrit Schoonhoven het mens al leer kan as 'n meester in sy gebied. Sy rol as Moenen getuig van geloofwaardigheid. Hy slaag daarin om die gehoor te betrek — selfs op sekere punte aan sy kant te kry.

Elize Venter en Roeloff van den Bergh het hulle goed van hulle taak gekwyt, onderskeidelik as die Tante en as Heer Gysberg.

Die res van die rolverdeling was ondersteunend en het getuig van intense belewing. Die Verteller het tog miskien afbreuk gedoen aan die produksie as geheel.

Die dekor (of die afwesigheid daarvan) was uiters funksioneel. Die beligting het in 'n groot mate die opvoering ondersteun en het as sodanig geslaag.

Die redigering van "Mariken van Nymegen" is voortreflik hanteer en die hele produksie getuig van 'n baie hoë standaard.

Alhoewel die hele opvoering met die grootste piëteit (in soverre 'n duiwel piëteit kan hê) benader is, bly die vraag na die voorstelbaarheid van God, hetsy op 'n verhoog, hetsy in die beeldende kunste, 'n aanvegbare kwessie. 'n Duidelike handleiding blý die Wet van God en spesifiek die tweede gebod.

## Beelde uitgestal

— Johan Myburg —

**Die tentoonstelling van grafiese- en beeldhouwerke deur die Pietersburgse kunstenaar, Guillaume Theron, is op Maandag 19 Mei deur prof. P.W. Buys geopen.**

Guillaume Theron is geen onbekende op Potchefstroom. Hy het reeds 'n aantal jare gelede op die PU uitgestal.

Mnr. Theron het op die huidige uitstalling 'n sewetal beelde, waarvan die media wissel van patryshout tot gepoleerde staal. In 'n paar van die beelde kom die media gemengd voor. Die kunstenaar beheers die vermenging van die verskillende media meesterlik.

In sy grafiese werk maak die kunstenaar gebruik van houtsnee, monotipe, collage en gemengde media. Die werke getuig van 'n deurleefde lewenskragtigheid — dieselfde vitaliteit wat in die beeldhouwerke weerspieël word.

Die tema van beide die beelde en grafiese werk word hoofsaaklik uit die natuur geput. Voëls en voëlontwerpe kom dikwels in wisselvorme voor. Die Afrika-motief skemer ook deur, veral in die werk getiteld "Africa Adieu".

Die uitstalling duur tot 6 Junie en kan daagliks tydens kantoorure in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit besigtig word.

## Nic Taylor konsert hier

**Die befaamde sangeres, Mimi Coertse, tree op 23 Mei, in die ouditorium van die Hennie Bingle-studentesentrum op.**

Nic Taylor, bekende Suid-Afrikaanse verhoogkunstenaar en komponis sal dan optree.

Dit begin om 20h00. Plekbespreking kan by die Inligtingsburo in die studentesentrum gedoen word. Die kaartjies word verkoop teen R2,00 en R1,50.

Die dameskoshuise sal Maandagaand tot 22h00 oop wees sodat dames die konsert kan bywoon. Dit is 'n spesiale vergunning van die rektor.

## Mimi sing vanaand

**Die befaamde sangeres, Mimi Coertse, tree op 23 Mei, in die ouditorium van die Hennie Bingle-studentesentrum op.**

Mej. Coertse word deur prof. Pieter de Villiers op die klavier begelei. Dié kombinasie van sopraan en begeleier het in die verlede al hulle talent bewys.

Plekbespreking kan nog gedoen word by die Inligtingsburo in die Studentesentrum, by Johan Claassenbroers in die dorp en by die Konservatorium.

# ASB-Kongres 1980: Wat gaan gebeur?

*In 'n reeks van 3 artikels laat val mnr. Theuns Eloff, vorige president van die ASB, die soeklig op die komende kongres in Julie op Potchefstroom; wat lede van die ASB te wagte kan wees (of dalk nie te wagte sal wees nie) asook hoe hy die algemene verloop van die Afrikaanse studentepolitiek, soos dit weerspieël sal word in die kongres, sien. In die laaste artikel wat ná die kongres verskyn sal mnr. Eloff sy indrukke weergee.*

Die vorige kongres van die ASB op Potchefstroom in 1973, was een van die opwindendste (sommige negatiewes sal sê beroerdste) kongresse in die bestaan van die organisasie. Vir dié wat nie kan onthou nie — dit was op dié kongres waarop die debat oor die Verbod op Gemengde Huwelike en artikel 16 van die Ontugwet, in alle erns begin is.

Die ASB het in 1979 baie mense aan die praat gehad. Party was bly, ander kwaad. Dié sterk rimpelings op die andersins rustige oppervlak van die sewentigerjare se Afrikaanse studentepolitiek was nodig, maar ook onvermydelik. Die uiteenlopende standpunte van Christen-Afrikaner studente het sterk en beslis na vore getree : om hanteer te word en nie om vermy te word nie. Dit lyk ten minste na 'n gesonder toestand as die stilte van 'n onbetrokkenheid-afsaksel, of 'n malaria-draende kunsmatige eenheid. Of dié oënskynlike "rustigheid" en lae profiel-kon-houding op die kongres voortgesit sal of kan word, is egter 'n ope vraag. As Afrikanerstudente bymekaar kom, prààt hulle — as hulle in 1980 bymekaar gaan kom, gáán hulle verskil: 'n Mens kan verwag dat daar dus warm debatte sal wees.

- Die onderwerpe waarborg dit: kultuur, ekonomie, godsdiens, politiek en onderwys.
- Die sprekers (oor hulle later meer) kan dit onderstreep.
- Die oorhoofse tema (Jeugkrag '80) probeer dit (tereg) tersake onder een sambreel saamvat. Of daar egter nie êrens iets gaan uitpeul en en koers kry nie, moet nog gesien word.



*Die ere-kolonel van die PU-regiment, kolonel Tjaart van der Walt, het op Saterdagaand, 3 Mei, 'n onthaal gegee.*

*Tydens hierdie geleentheid is daar afskeidsgeskenke aan uittredende offisiere en adjudant-offisiere oorhandig. Kommandant van den Berg het die geskenke namens die regiment oorhandig.*

*Kolonel van der Walt het tydens die geleentheid sy kolonelsuniform vir die eerste keer vertoon. Die eenheid se skouerkentekens is ook vir die eerste keer te sien gekry.*

*Op die foto staan v.l.n.r.: Kommandant van den Berg, kolonel P.J. van der Walt en kolonel T. van der Walt.*

# PU help plaasskole

**In en om Potchefstroom is daar ten minste 40 swart plaasskole, elk met een of twee onderwyseresse. Hierdie onderwyseresse het selde goeie opleiding. Veral sportafrigting word kwaai afgeskeep, en die kinders het 'n honger aan goeie afrigting en hulp in veral sokker en netbal in die winter en atletiek in die somer. SGD soek studente wat lus het om hiermee te help. Dit is nie nodig om bedrewe te wees nie. Kennis van die basiese reëls van die spel sal al baie help.**

Met hierdie projek is daar goeie geleentheid om praktiese hulp en stimulasie te bied aan swart kinders in plaasskole. Behoefte aan sulke dienste is baie groot en dienste van hierdie aard kan 'n positiewe bydrae lewer in die verbetering van rasseverhoudinge.

Die projek word aangepak in samewerking met Potch-kommando, PU vir CHO-kommando en die Sendingonderwysvereniging onder voorsitterskap van mnr. H.B. van der Walt. 'n Uitnodiging word gerig aan studente wat bereid is om 'n middag af te staan om eenvoudige afrigting by een van die skole te verskaf. Studente wat lede is van kommando's, sal soldy ontvang.

Potch-kommando het 'n aantal horlosies, telrame, aflosstokke en wegspringblokke gemaak en hulle versoek enige student wat daarin belangstel om hulle met die verfwerk van die artikels te help, om by die SGD-kantoor 'n draai te maak.

Studente wat belangstel in die sportafrigtingprojek, word ook genooi om meer inligting by die SGD-kantoor te kry.

# SAFUIS 1980

Die jaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Federasie van Universiteits-ingenieurstudente vind van 7 - 11 Julie by die Universiteit van Stellenbosch plaas. SAFUIS het gedurende die twee-en-twintig jaar sedert sy stigting in 1958 gegroei tot een van die sterkste studente-organisasies in Suid-Afrika. Ongeveer 6 000 ingenieursstudenteverenigings van die Universiteite van Kaapstad, Stellenbosch, Pretoria, Natal (Durban) en die Witwatersrand is deur hul ingenieurstudenterade by SAFUIS geaffilieer.

SAFUIS behartig en koördineer ingenieurstudentebelange oor 'n wye front.

Die hoofaktiwiteite van SAFUIS is die volgende:

- Die reël van 'n internasionale uitruilskema vir vakansiewerk vir ingenieurstudente deur IAESTE. Goedkoop studentevlugte word deur ETHOS gereël.
- Skakeling deur die Federasie van Verenigings van Professionele Ingenieurs met die SAW omtrent militêre opleiding.
- Voorligting aan skoliere d.m.v. vyf skolierwinterskole jaarliks om die beste skoliere as ingenieurstudente te betrek.
- Die organisering van 'n jaarlikse nasionale trapkarwedrenreeks in Suid-Afrika.
- Skakeling met ander ingenieurstudente in Afrika deur die Konfederasie van Ingenieurstudente van Afrika.

Vanjaar se Konferensie sal deur sowat 60 afgevaardigdes van die vyf SAFUIS-universiteite, asook Potchefstroom, RAU en Durban-Westville bygewoon word.

Die weeklange program by die Ingenieursfakulteit sluit die bespreking van onderwerpe soos vakansiewerkopleiding, die skakeling tussen SAFUIS en professionele ingenieursliggame, en SAFUIS 80-81 in. Hierbenewens sal daar ook besoek gebring word aan die nuwe Steenbrasdam hidro-elektriese kragsentrale by Gordonsbaai.

Ten tye van die Konferensie sal 'n tjek van R8 000 deur die Direkteur van Openbare Skakeling van Mobil, mnr C Squier, aan die President van SAFUIS, Andries Calitz, oorhandig word. Mobil dra jaarliks die koste van die reeks van SAFUIS-winterskole vir matrikulante.

# Feite oor misdaad verskaf

**Mnr. Peet Pienaar, departementshoof van kriminologie, sê die doel van 'n kriminologie-vereniging is om betroubare feite in verband met die misdaadverskynsel aan die studente en aan die breë publiek te verskaf wat mense bewus maak van die geweldige probleem van misdaad.**

Die vereniging is onder voorsitterskap van mnr. Len Allen en betrek sowat 400 studente in die kriminologie.

Inligting sal weergegee word deur uitstallings, toesprake en simposiums. Publikasies word opgestel in samewerking met die polisie, howe, gevangenisse en die verkeersdepartement.

Hulp word verleen met die rehabilitasie van gevangenisse, verhoorafwagtendes, volkswelsyn en paroolgevalle.

Daar word beoog om die vereniging uit te bou tot 'n tak van Nimro (Nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en die Rehabilitasie van Oortreders).

# Advies-komitee adviseer prof Tjaart

**Die rektor, Prof Tjaart van der Walt het 'n advieskomitee saamgestel om kolonel Pieter van der Walt, die skakelbestuurder: Weermagsake, behulpsaam te wees.**

Verteenwoordigers uit elke fakulteit is aangestel om op die komitee te dien. Die komitee sal dien om die Skakelbestuurder in sy taak te steun en die rektor van advies te bedien. Die komitee sal kolonel Van der Walt van raad bedien oor akademiese sake wat vir die Weermag van nut kan wees.

Kol. Van der Walt het genoem dat enige instansie welkom is om advies te vra of te gee.

# Fees op PU

**'n Republiekfees word op 26 Mei vir die eerste keer in die geskiedenis op die kampus aangebied.**

**Massa-etes word verskaf en 'n konsert deur Nic Taylor en die plaaslike Weermag orkes maak deel van die verrigtinge uit.**

**Laat-aande word vir dames in koshuise gereël om dié kultuuraand by te woon.**

**Dr. A.P. Treurnicht lewer 'n toespraak met die tema "Op pad na nuwe horisonne". Daarna word die PU-vlag vir die eerste keer gehys.**

**Verdere inligting sal oor Radio-Puk en op plakkate gehoor en gesien word. Kaartjies vir die konsert sal by die deur van die ouditorium beskikbaar wees.**

# Teaters byna klaar

**Daar word in 'n langverwagte behoefte voorsien met die twee nuwe rolprentteaters, Kine I en II wat op Woensdag 18 Junie open.**

Die eerste twee rolprente is "The Gods must be crazy" en "Die sing van die harlekyn" of "The empire strikes back".

Van Maandae tot Donderdae word een aandvertoning gehou. Vrydag- en Saterdagaande twee vertonings, en nog 'n vertoning Saterdagoggende.

Verder sal filmweergawes van voorgeskrewe studieboeke vir skole en studente vertoon word. Nasionale rolprentkompetisies sal ook aangebied word.

## Venda-toer

Hulpprojek beoog 'n toer na Vendaland gedurende die Julie-vakansie, vanaf 27 Junie tot 11 Julie.

Daar word beplan vir die oprigting van 'n kerkgebou vir die Vendas, sendingwerk, naaldwerkklasse, gesondheidsdienste by 'n kliniek, sowel as 'n moontlike onderwysprojek. Die koste beloop R20,00 en die skietlys is vanaf 5 - 9 Mei beskikbaar.


**Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....**

**Vir die roos van jou hart is daar:**

VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens.

**huis & tuin**

Tomstraat 82b, Die Bult
Tel. 4641

Ons Spens

MET HIERDIE ADVERTENSIE KRY U 10% KORTING OP U ETE

ONS BIED VOORGEREGTE, ROOSTERGEREGTE, BURGERS, VISGEREGTE, 'N VERSKEIDENHEID SLAAIE EN LIGTE VERVERSINGS AAN

KOM KUIER GERUS

TYE: MAAN.-VRY. 9vm. — 10 nm.
SAT. 9 vm. — 2.30 nm. 6 nm. — 10 nm.
SON. 11.20 vm. — 2.30 nm. 6 nm. — 10 nm.

die WAPAD

## • Kritiek

**Objektiewe en gemotiveerde kritiek op SSR-optrede word deur die SSR aangemoedig en waardeer omdat dit tot voordeel van elke student kan strek. Daarom het SSR-lede hulle halfjaarverslae ter insae van studente op versoek aan Die Wapad gegee.**

**Studente wat kritiek op die SSR in sy geheel wil lewer, of op individuele SSR-lede, behoort ten minste te sorg dat hulle rede tot kritiek het. 'n Mens kan jou net verwonder aan die ongegronde kritiek van studente wat ooglopend nie eers die vaagste benul van die administratiewe funksionering van die SSR het nie.**

**Sommige van die briewe wat aan Die Wapad geskryf word, grens soms aan laster benewens die onjuiste inligting (kritiek) wat dit bevat. Dis 'n bekende feit dat kritiek makliker kom as lofprysinge, maar dié tendens word al hoe meer opvallend onder Puk-studente.**

**Die Wapad verwelkom briewe en kommentaar — as openbare medium leen die studentekoerant hom onder meer ook tot kritiek. In die afgelope tyd is Die Wapad egter in 'n reeks gebeurtenisse verkeerdelik aangehaal en gekritiseer. Daarom vra ons dat ons lesers hulleself moet vergewis van die korrekte feite oor 'n aangeleentheid voordat hulle op enige manier foutiewe inligting versprei.**

**Studente aan 'n universiteit behoort die vermoë tot sinvolle ontleding van wat hulle lees, te besit. Hierdie vermoë behoort hulle ook op studentebedrywighede toe te pas, en nie net te isoleer op die terrein van akademie nie. Soms wonder mens of alle studente wel verstaan wat hulle lees!**




# *Die Kleurling en die Afrikaner — die pad vorentoe*

— Cobus Visser —

**In vanjaar se J.H. Coetzee huldigingslesing sou Prof. R.E. van der Ross, rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland as geleentheidspreker optree. Alhoewel hy nie self as spreker teenwoordig kon wees nie, is sy toespraak deur Dr. Gerhard Cloete aangebied.**

Prof. Van der Ross benader die onderwerp deur daarop te wys dat die titel twee hoofsake impliseer. In die eerste plek het ons met twee afsonderlike entiteite te make — Kleurlinge en Afrikaners. Tweedens impliseer dit dat daar 'n pad vorentoe is en nie twee paaie nie.

Deur te verwys na sy eie herkoms, met sy oupa as lid van die NG Kerk (blank) en hy en sy vader as lede van die huidige NG Sendingkerk, dui hy dan op die gemeenskaplikheid in die kultuur van die Kleurling en die Afrikaner.

Die bestaande skeiding tussen die twee berus dus nie op basiese verskille nie, maar wel op "die swakheid van die vlees", op menslike vooroordele en op sonde.

Volgens hom is daar meer eenheid as afsonderlikheid tussen die begrippe Kleurling en Afrikaner.

Wanneer 'n mens aan die toekoms dink, kan dit wees met die Afrikaner aan bewind, of nie. Blanke oorheersing sonder 'n Afrikaner regering is in elke geval ondenkbaar. Teen hierdie agtergrond as uitgangspunt stateer hy dan dat die Afrikaner slegs sy posisie van leiding kan handhaaf indien hy so 'n orde tot stand bring waar hy die getallesterkte behou.

Prof. Van der Ross meen dat so 'n situasie eventueel net deur militêre mag moontlik sal wees, maar hy kan ook nie insien dat die Afrikaanse volk so 'n bestel sal duld nie.

Die tweede alternatief, naamlik waar die Afrikaner nie die oorheersende mag het nie, kan basies op twee maniere uitkristalliseer. Of 'n swart staat, of 'n staat waarin verskillende bevolkingsgroepe mekaar gevind het in 'n vorm van magsdeling. Die aanvaarding van laasgenoemde deur die Afrikaner sal van baie faktore afhang en in die oorgangsproses sal hy homself moet afvra waar sy bondgenote is — en waar vind hy 'n meer natuurlike bondgenoot as die Kleurling.

Vervolgens wys Prof. Van der Ross dan ook die punte van ooreenkoms uit. Ooreenkoms op die gebiede van afkoms, taal en godsdiens. Ten opsigte van hierdie punte spreek die statistiek en die geskiedenis boekdele, maar veral ook die kontak tussen Kleurling en Afrikaner wat oor drie eeue strek.

Die verhouding tussen die twee entiteite het teen 'n landelike agtergrond ontwikkel tot waar dit vandag gekenmerk word deur 'n ambivalente karakter. Aan die een kant 'n goeie en vriendelike verhouding en aan die ander kant 'n gevoel van frustrasie by die Kleurling.

Opsommenderwys voel hy dat die Kleurling geleer het om uiterlik 'n vriendelike verhouding teenoor die Afrikaner te handhaaf, dat hy teenoor baie indiwiduele Afrikaners goedgesind was, maar dat hy nie 'n situasie kon aanvaar waarin hy as Kleurling altyd die mindere moes wees nie.

Wat die toekoms van die regering in hierdie land aanbetref, dink hy homself in 'n situasie in waar die magsituasie so hanteer word dat daar beskerming vir minderheidsgroepe is en 'n pragmatiese en werkende formule vir samewerking gevind is. Soos hy dit stel is dit nie nodig om idealisme prys te gee wanneer jy realisties is nie. In so 'n situasie is dit dan ook ter sake om te kyk na die Kleurling-Afrikaner verhoudings.

Deur te verwys na besondere gevalle en die manifistasies van hierdie verhoudinge wyk hy dan daarvan af om net te sê dat dit goed moet wees.

Hy voel dat die Afrikaner wat hom in die gegewe situasie bevind afstand sal moet doen van die eksklusiwiteit waarmee hy hom omring of dit moet wysig, veral waar hierdie eksklusiwiteit 'n simbool van arrogansie geword het.

Hy is bewus van die geweldige reeks keuses waarvoor die Afrikaner te staan sal kom wanneer sy eksklusiwiteit afgeskaf word: dit raak immers die hele spektrum van sy lewe.

Aanvanklik het die Afrikaner hom verskans teen die Britse oorheersing en het hy die Kleurling se ontwikkeling buite rekening gelaat. Die Kleurling se ontwikkeling het egter veroorsaak dat hy wel later van hom notisie moes neem, soos spreek uit wetgewing soos werkreservering en later die verwydering van sy politieke regte. Volgens hom is die blaam van veral laasgenoemde nie uitsluitlik te rig aan die adres van die Afrikaner nie, maar ook aan die Engelssprekendes.

Juis omdat daar soveel punte van ooreenkoms tussen die Afrikaner en die Kleurling is, is dit moontlik om hulle onderlinge verhouding reg te stel. En hier is dit veral die ooreenkoms tussen die twee groepe se prinsipiële siening wat dit onderstreep, maar die Afrikaner is geneig om dit nie raak te sien nie.

Teen hierdie agtergrond behoort dan na die toekoms gekyk te word — na die pad vorentoe, en wel na **een pad** en **een land.**

Aanpassing sal aan beide kante gemaak moet word en daar sal op alle vlakke gewerk moet word: veral aan menslike verhoudinge. Verandering van beleid gaan egter nie tot plotselinge integrasie lei nie en die klem moet veel eerder val op nie-diskriminasie as op integrasie. Die wegbeweeg van diskriminasie soos die verwydering van bordjies van segregasie in Kaapstad, het nog tot geen enkele "insident" gelei nie.

Daar is ook reeds tekens van wedersydse begrip, samewerking en respek, veral in die sakewêreld.

Die wyse en tempo van verandering sal van omstandighede afhang, maar verandering is onvermydelik. Dit geld ook vir die politieke terrein, want enige verandering word geëvalueer in terme van wat dit op politieke terrein meebring.

Daar rus egter ook 'n verpligting op die Kleurling. Daar moet van sy kant wegbeweeg word van 'n negatiewe stereotipering van die Afrikaner. Hy moet halfpad ontmoet word. Daar moet begrip wees vir sy onsekerheid, sy gebrek aan sekuriteit en sy geskiedenis. Opofferings en blyke van vriendskap van die kant van die Afrikaner moet ook nie afgetakel word met terme soos "paternalisme" nie.

Prof. Van der Ross se afsluitingswoorde is dat dit sy bede is dat ons almal sal voortgaan om hand aan hand hierdie land van ons tot 'n ware land van geluk vir al sy mense uit te bou.

## *Uit die Woord*

**. . . Wie in My glo het die Ewige Lewe. (Joh. 6:47b)**

**Het jy die ewige lewe?**

Dit word deesdae mode om mense tromp-op te loop met hierdie uiters persoonlike vraag.
Nuwe Mode? . . . tog nie!
Onbybels? . . . allermins!
Teen die belydenis? . . . ook nie (vgl. vr. 1 H.K.)

Dit bly dié lastige vraag waarop elke mens — jy ook — een of ander tyd, of eerder elke dag, moet antwoord!

Christus laat geen onduidelikheid in jou antwoord toe nie!

**. . . Wie in My glo . . .**

JA is: ek glo
NEE is: ek glo nie

GLO, hier is nie passief nie! Dit beteken:
vertrou op . . .
oorgee aan . . .
jou bewustelik verlaat op!

Bewustelik JA vir Christus, NEE vir myself — of, NEE vir Hom, JA vir myself.

Ook op PUK is dit onmoontlik om 'n ongekwalifiseerde . . . 'n in-die-bondel Christen te wees!

Daarvoor is dit veels te maklik om iemand te herken wat nie vir homself en die wêreld kan nee sê nie:
— Luister maar hoe praat die manne in die koshuise
— kyk maar hoe lê die drankbottels rond
— die "EK wil" en die "wat's fout as EK" dans . . . drink . . . vrye liefde . . . swot in plaas van kerktoe ens!

**Gebonde en tog vry — 'n Wonder!**

JA vir Christus is die EWIGE LEWE wat die HEILIGE GEES in jou bewerk deur die WOORD. As Hy jou losmaak van jouself en jou aan Christus bind, sal jy ook kan nee sê al lig die Totius se dak soos almal ja skreeu.

So nie is jy wel ongebonde maar nie bevry nie! En gaan jy so voort.
— Dan vorder jou ongebondenheid tot ontbinding (in die graf) van die JY waarvoor jy nie kan NEE sê nie,
— Dan kom jy ook straks tereg in die plek van uiterste ongebondenheid,
— en chaos, — en disintegrasie!

# Wiskundige tegnieke sinvol aangewend



**Prof. D.J. van Wyk, hoogleraar in die departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aan die PU, het op 18 Maart sy intreerede gelewer.**

In sy rede "Kundiges, Onkundiges en Wiskundiges" het hy onder meer verwys na die sukses wat die toepassing van Wiskunde op die gebied van die meganika behaal het.

Hierdie sukses het die afgelope dekade of twee gelei tot pogings om wiskundige modelle van probleme op ander uiteenlopende terreine van die natuurwetenskap te vorm, asook op die gebied van die ekonomie en die sosiale wetenskappe.

Dié pogings was egter in die algemeen minder suksesvol.

Prof. Van Wyk meen dat die moontlikheid vir die sinvolle aanwending van wiskundige tegnieke wel bestaan. Die probleme wat ondervind word, kan egter volgens hom oorbrug word deur beter interdissiplinêre samewerking en kommunikasie tussen universiteitsdepartemente.

Die departemente in Toegepaste Wiskunde aan universiteite kan in hul opleidings- en navorsingsaktiwiteite ook meer aandag gee aan sinvolle projekte met betrekking tot werklikheidsprobleme, het hy gesê.

Hy het die grade B.Sc. (1964), Honns.-B.Sc. (1965), M.Sc. (1966) en D.Sc. (1972) in Wiskunde almal aan die PU vir CHO behaal.

In 1967 is hy aangestel as lektor in die departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit en in 1972 tot senior lektor bevorder. Hy het vanjaar professor in dié departement geword.

# Studentesentrum word bemors

**Die direkteur van die Studentesentrum, mnr Hans van Zyl, het gesê dat hy baie ontevrede is oor die netheidsin van die studente. Hy het gesê dat dit die studente se sentrum is en dat hulle trots behoort te wees.**

Die gebou was veral na Karnaval baie onnet. Die verantwoordelike liggame het niks gedoen om te help opruim nie. Papiersakkies, lekkergoedsakkies en sigaretas- en stompies word in die blombakke gegooi en koeldrankblikkies word op die betonmure gelaat.

Ten spyte van die baie weggooidrommetjies in die sitkamers word papiere en blikkies langs die stoele neergesit en net so gelaat. Die meubels word baie rondgeskuif en die vertrekke is altyd deurmekaar.

Die sitbankies is ook dikwels vuil. Modder is al op die bekleedsel gevind — nie net op die vloer nie maar selfs op die sitplek!

Die binnehof en die paadjies van en na die sentrum is ook dikwels bemors met papiere, blikkies en vasgetrapte kougom.



*Prof. Faan Jacobs aan die woord tydens die Raadsdialoog.*

# Studente bly verantwoordelik in sentrum

**Die ouditorium word nie slegs deur studente gebruik nie, maar hulle bly verantwoordelik vir 'n groot deel van die probleme, sê mnr. Hans van Zyl.**

Geen koeldrank of roomys mag in die ouditorium ingeneem word nie. Daar kan nie maklik van blikkies en bottels gedurende opvoerings en toesprake ontslae geraak word nie. Roomys drup en word in die mat vasgetrap.

Van die nadele van kougom hoef nie eers gepraat te word nie. Om dit uit 'n mat te kry, moet 'n gedeelte van die wol uitgeruk word.

Brandplekke deur sigarette is reeds volop, een daarvan op een van die sentrale deurgangspaadjies. Sigaretas word oral uitgeskud ten spyte van die verbod op rook.

Daar is ook persone wat met hulle skoene op die sitplek voor hulle rus.

Die kleedkamers, veral die van die dames, was al in so 'n swak toestand agtergelaat dat die skoonmakers geweier het om daar in te gaan.

Mnr. Paul Wessels, die bestuurder van die ouditorium, het gesê dat die ouditorium die vertoonvenster van die PU is en 'n beroep op die studente gedoen om die vertrek netjies te hou. Na 'n vorige berig was die samewerking pragtig.

Alhoewel die studente nie heeltemal alleen verantwoordelik is vir die toestand op die kampus nie — andere soos die personeel, besoekers en boukonstruksiewerkers mag moontlik ook 'n bydrae lewer — berus die verantwoordelikheid by ons om iets aan die saak te doen.

# Ete mosie afgekeur

**'n Mosie dat etes vir dorpstudente by die Lettie du Plessis-eetsaal aangebied word, is afgekeur.**

Die redes daarvoor is dat die eetsaal toemaak omdat dit onekonomies is, en daar reeds voorsiening gemaak word in die studentesentrum. Die etes is egter duur in vergelyking met ander universiteite, daarom oorweeg die studenteburo o.l.v. prof. Nick Swart om die aanbieding van etes te herstruktureer.



*Van links na regs: Mnr. Len Allan, voorsitter van die Kriminologievereniging, Lt.-genl. J.C. Visser, hoof van die Suid-Afrikaanse speurdiens, mnr. Peet Pienaar, beskermheer en dr. Herman Conradie, president van die vereniging.*

# Herstrukturering van werk

**Prof. A.L. Barnard het onlangs sy intreerede gelewer as professor in die departement Bedryfs- en Personeelsielkunde aan die PU.**

Hy het gepraat oor die bydrae van sinvoller werk tot werksmotivering. Hy het gesê die belangrikheid van die kwaliteit van werkservaring van individue in organisasies word al hoe meer ingesien.

Ondersoeke het onder meer getoon dat 'n klimaat vir beter nywerheidsverhoudinge en beter mannekragbenutting deur versnelde opleiding dringende aandag moet ontvang. Dit geld veral vir opleiding van swart werkers.

Prof. Barnard het gesê die werker moet nie net voel dat die werk die moeite werd is in terme van persoonlike selfverwesenliking nie. Hy moet ook dié bevrediging hê dat hy 'n waardevolle bydrae lewer in die bereiking van die organisasie se doelstellings.

Hierdie doel mag meebring dat werkgewers die werk sinvoller moet herstruktureer deur byvoorbeeld roetinewerk uit te skakel en interessanter werksomstandighede te skep. Dit kan onder meer gedoen word deur die gee van groter verantwoordelikheid aan werkers en die skepping van meer geleenthede vir prestasie en individuele beplanning.

Prof. Alret Louis Barnard is op Carnarvon gebore en het op Bethlehem skoolgegaan. Hy het die grade B.Comm. in 1961 en Honneurs-B.Comm. (Bedryfsielkunde) in 1962 aan die Universiteit van Stellenbosch behaal waar hy ook ses maande lank as tydelike dosent waargeneem het.

Prof. Barnard is sedert 1969 senior lektor aan die PU en is verlede jaar tot hoogleraar bevorder. Hy is betrokke by verskeie poswaarderings-, bestuursontwikkelings- en keuringsprojekte wat in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Koöperasies (SAIKO) aan die Universiteit gedoen word.

Hy het reeds op verskeie Rektors-, Raads- en Senaatskommissies gedien en is sameroeper van die poswaarderingsprojek aan die PU vir CHO. Dié projek is ná twee jaar in die finale stadium van afhandeling.

Prof. Barnard is verder by die Mediese en Tandheelkundige Raad geregistreer as Bedryfsielkundige en is die outeur van heelparty vakwetenskaplike publikasies.

# Vereniging bevorder Engels

**Die Engelse vereniging wat in Maart gestig is, se doel is om studente bewus te maak van Engelse literatuur en letterkunde.**

Die vereniging gee 'n blad uit wat artikels oor literatuur en letterkunde bevat. Filmvertonings oor Engelse voorgeskrewe werke asook oor die Engelse kuns is reeds aangebied. Die vereniging poog om die Britse Kultuur Attaché hierheen te nooi, 'n uitstalling en 'n poësie-kompetisie te reël.

Die vereniging hou elke tweede week 'n byeenkoms en die volgende een word gehou op 28 Mei in die kleinsitkamer van die Studentesentrum. Almal is welkom om dit by te woon.

# Kamp

**Daar word 'n derdejaarskamp op 1 - 3 Augustus by die Servaas van Niekerk kampterrein aangebied. Die koste is R5,00. Alle derdejaars wat belangstel is welkom — veral die persone wat die tweedejaarskamp in 1979 bygewoon het.**

**Die skietlys open die 23-25 Junie om 13h30 by die fontein in die Studentesentrum.**


**Vanweë uitbreidende werksaamhede soek SGD na studente wat teen besoldiging behulpsaam kan wees met vervoer- en administratiewe werk.**

Besonderhede is soos volg:
Posbenaming: Administratiewe assistent
Kwalifikasies: Matriek in besit van 'n bestuurderslisensie.
Werksure: Maksimum 15 ure per week (of 60 ure per maand). Minimum aantal ure onderhandelbaar. Verkieslik in die Maandae.
Besoldiging: R1,50 per uur. (Maksimum R90,00 per maand).
Pligte:
1. Bestuur van voertuie vir onderwys-, maatskaplike-, en ander dienste van SGD.
2. Administratiewe pligte (uitsonderd tik), soos van tyd tot tyd bepaal.
Gesagstruktuur: Ontvang opdragte van die voorsitter van SGD of sy gedelegeerdes.

**Belangstellendes moet voor 13h00 op Dinsdag 27 Mei skriftelik by die SGD kantoor of in bussie 153 aansoek doen. Navrae kan by Annemie de Klerk of Theuns Eloff gedoen word.**

# Beskerming teen laksheid gevra

**Geagte redakteur**

**Die skrywe rig ek na aanleiding van die berig "SSR-lid bedank" in die vorige uitgawe van Die Wapad.**

Die inisiatief van die SSR om hom uit te spreek oor die laksheid van mnr. Sorgdrager moet gewaardeer word. Dit is net jammer dat dit gedoen is ná sy bedanking en nie vroeër nie. Dit is die SSR se plig om ons te beskerm teen sulke lede. Dit verbaas my net dat hy so lank met sy bedrywighede (of liewers gebrek daaraan) kon voortgaan sonder dat daar daadwerklik opgetree is.

Dit laat by my die vraag ontstaan of die voorsitter en adjunk-voorsitter wat soos ek dit het, die portefeuljehouer se werksaamhede moet kontroleer, hulle nie ook aan laksheid skuldig gemaak het nie. Verder kan die vraag gevra word "Wie bewaak die Wag?". Wie kyk dat die voorsitter en adjunk-voorsitter hulle werk doen en wat word gedoen as hulle nie hul werk doen nie soos by die Vaaltak waar die voorsitter nie sy verpligtinge nagekom het nie. Die adjunk-voorsitter het ook nie sy werk gedoen om op te tree teen die laksheid van mnr. Sorgdrager nie. Na aanleiding van publikasies van SSR-lede en veral die Dagbestuur se halfjaarverslae deur Die Wapad en die afleiding daaruit gemaak, kan ek nie tot 'n ander slotsom kom as dat daar meer persone as mnr. Sorgdrager is wat hulle werk nie doen nie. Ek hoop die SSR sal in orde kom en nie mosies teen persone aanneem nadat hulle bedank het nie. 'n Mens kry die indruk dat die SSR besig was om mnr. Sorgdrager te maan terwyl hulle self nie hulle werk gedoen het nie.

Na aanleiding van bogenoemde, hoop ek die SSR sal met die keuring van kandidate die laksheid van mnr. Sorgdraer uitskakel.

**"WONDER NET"**

# Sorgdrager motiveer bedanking

Geagte Redakteur

Die oorsaak van my bedanking is eerstens geleë in die gebrek aan of gebrekkige besluitnemings- en uitvoeringskompetensie van die SSR wat in die praktyk daarop uitloop dat die SSR nie sy funksie as gesagsliggaam met betrekking tot studente-aangeleenthede behoorlik kan uitvoer nie.

Alhoewel ek by my beskikbaarstelling as kandidaat in 'n mate van bogenoemde posisie bewus was, kon ek nie op daardie tydstip die omvang van hierdie situasie voorsien nie en het die volle konsekwensies eers tydens my ampstermyn in so 'n mate gerealiseer dat dit my verhoed het om my taak as SSR-lid ten volle uit te voer op 'n wyse soos wat deur my ondersteuners van my verwag is; dien ten gevolge was ek nie in staat om behoorlik reg te laat geskied aan die mandaat waar kragtens ek verkies is nie.

Hierbenewens word die funksionering van die SSR belemmer deur 'n klimaat wat voortspruit eerstens aan 'n gebrek van onderlinge vertroue tussen SSR-lede en tweedens 'n gebrek aan begrip van wedersydse standpunte.

My bedanking berus op bogenoemde faktore wat soos ek dit nou sien nie deur my, of enige SSR-lid verander kan word nie. My volgehoue SSR-lidmaatskap sou neerkom op 'n stilswyende aanvaarding van die situasie.

My verklaring is opgestel op 5 Mei 1980 en die volgende dag in die bussie van die sekretaris van die SSR gepos.

In die verbygaan dien daarop gewys te word dat hierdie verklaring met die medewete van die SSR-voorsitter opgestel is. Trouens, die SSR-voorsitter het my juis versoek om die redes vir my bedanking skriftelik aan die SSR bekend te maak. Hierdie versoek is op 2 Mei telefonies deur die SSR-voorsitter aan my gerig.

Die berig in Die Wapad van 9 Mei 1980 waarin vermeld word dat die SSR in 'n mosie "kennis neem van die bedanking maar dit betreur dat hy dit gedoen het, sonder om skriftelike redes te verskaf" is in die lig van dié feite eenvoudig onwaar. Dit strek niemand tot eer — veral nie die SSR-voorsitter nie — om bewus te wees van feite maar dit te verswyg en sodoende die ander lede van die SSR te mislei. Indien hy sy Raad korrek ingelig het soos dit sy plig was om te doen, kon of sou die Raad nie 'n mosie aanneem dat ek sonder skriftelike redes bedank het nie, tensy mala fides ('n kwaadaardige gesindheid) ook aan die raad sou kon toegeskryf word. My standpunt van onderlinge vertroue tussen SSR-lede word deur hierdie optrede bo enige twyfel bevestig.

Die standpunt van die SSR in sy mosie, nl. dat daar weinig van my jaarbeplanning tot sy reg gekom het, verwerp ek geheel en al. Die projekte wat nie deurgevoer is nie, was onderhewig aan SSR goedkeuring en hier het omstandighede 'n rol gespeel wat ek aan die SSR meegedeel het en wat hulle so goedgekeur het. Hiervoor dra die SSR in sy geheel kollektiewe verantwoordelikheid. Indien beweer word dat ek nie die verpligtinge in my portefeulje nagekom het nie — wat ek soos hier bo aangetoon, steeds ontken — was die plig van die voorsitter en adjunk-voorsitter van die SSR kragtens die konstitusie van die SSR om my daaroor persoonlik aan te gespreek het. Dit is by geen geleentheid gedoen nie. Hierdeur het die voorsitter en adjunk-voorsitter in stryd met die konstitusie gehandel en in elke geval dra hulle verantwoordelikheid vir die doen en late van SSR-lede. Die "herhaaldelike aanmanings" verwys moontlik na die *eenmalige geval* toe mnr. Joubert sy voorneme op 'n *Dagbestuursvergadering* bekend gemaak het om 'n voorstel in te dien op die SSR-vergadering waarin ek gevra gaan word om te bedank onder andere as gevolg van die feit dat ek nie my werk doen nie, en dat my kleredrag nie gewens is nie. Ek het terloops op die vergadering afgekom waarna ekself en mnr. Joubert, met die adjunk-voorsitter mnr. Botha as arbitor op 'n voorstel van mnr. Fourie, die aangeleentheid uitgepraat het en mnr. Joubert aan my meegedeel het dat hy nie meer sy voorneme sal uitvoer nie en dit "sonder om sy gewete te verkrag". Selfs in daardie stadium het nog die voorsitter, nog die adjunk-voorsitter (wat daartoe verplig en gemagtig is) my aangespreek oor my werk. Die standpunt van die SSR in sy mosie dat ek herhaaldelik aangemaan is, is in die lig van voorafgaande weereens onwaarheid.

Dit moet op billikheidsgronde betreur word dat die SSR hierdie mosie aangeneem het sonder dat ek die geleentheid gehad het om my kant van die saak te stel of gewag het met die mosie tot dat my skriftelike rede aan hulle bekendgestel is.

Die broederlike weg wat vir ons as Calviniste so belangrik is, is eenvoudig nie nagekom. In elk geval moet die voorsteller van die mosie, mnr. P.J. Joubert, as regstudent sekerlik bewus wees van die beginsel audi alteram partem (hoor die anderkant van die saak). Dit het die SSR gepas om nie my kant van die saak aan te hoor of vir my skriftelike redes te wag nie.

Objektiwiteit dwing my om dit te betreur dat Die Wapad nie my kant van die saak aan die studentegemeenskap oorgedra het nie. Die student het 'n reg om ingelig te word!

BERT SORGDRAGER

*Die ongetikte, ongedateerde bedankingsbrief van mnr. Bert Sorgdrager bestaande uit een sin "hiermee dien ek my bedanking in as lid van die SSR van die PU vir CHO", is op Vrydag 2 Mei deur mnr. Sorgdrager ingedien. Op versoek van die SSR-voorsitter het hy onderneem om skriftelike redes daarvoor op Maandag 5 Mei gedurende die middag te verskaf omdat Die Wapad Maandae sak. Die SSR het daardie aand om 18h30 vergader en het tot op daardie stadium nog geen redes van mnr. Sorgdrager ontvang nie.*

*Die redes vir die bedanking het die SSR eers op Woensdag 7 Mei bereik en kon dus onmoontlik in 9 Mei se Wapad verskyn. Die SSR-voorsitter het dadelik nadat hy dit ontvang het die SSR-lede ingelig wat die redes vir die bedanking is en mnr. Sorgdrager se beskuldiging dat hy dit doelbewus verswyg het om hom (mnr. Sorgdrager) te diskrediteer is dus onwaar en grens aan laster.*

*Mnr. Sorgdrager het nie sy portefeuljeverpligting nagekom nie. Hy het dit erken tydens die gesprek wat mnr. Piet Joubert en ekself met hom gevoer het.*

*Blykbaar het mnr. Sorgdrager nou daarvan vergeet en hy het ook blykbaar vergeet van die lang gesprek wat ek reeds lank voor die vakansie met hom oor sy werk gevoer het, die ander kere wat ek met hom gesels het, bv. na die mislukte Akademiese Raad-verkiesing, en die kere wat mnr. Du Plooy met hom oor sekere sake gesels het.*

*Mnr. Sorgdrager het volle geleentheid gehad om sy saak te stel (die SSR het gewag dat hy sy redes bring, daar is 'n paar maal tevergeefs na sy huis geskakel) maar hy het toe nie daarvan gebruik gemaak nie.*

*Kortom: Dit klink nogal soos die een van die een soldaat wat in pas was terwyl al die ander uit pas was!*

*JAN BOTHA*


**MODEL-SKOENWINKEL — CHECKERS-SENTRUM**

**en**

**SKOENSENTRUM — KERKSTRAAT**



Vir die jongste modes in skoene

OIP-105113


# Halfjaarverslae is grappig

Geagte Redakteur

Histeries! Absoluut ongelooflik histeries snaaks ... dit is die enigste woorde wat ek het vir die werklik grappige halfjaarverslag van Piet Joubert (Addisionele Lid op die Dagbestuur van die SSR van die PU) wat u onlangs geplaas het. Hierdie *studenteleier* het sy *senior* posisie op die Sentrale Studenteraad gedurende die afgelope nege maande volgestaan deur: (1) op *twee* kommissies te dien wat ondersoek instel na die vergoeding van studenteleiers soos hyself; (2) te help met die ondersoek na die oop- en toesluit van die Studentesentrum; (3) SSR-vergaderings op band op te neem (gaan hulle dit bemark?); (4) notules te liaseer; (5) ondersoek in te stel na interuniversitêr (wat is dit?); (6) te oriënteer; (7) SSR-kantore amptelik te help open; (8) gelukwensingsroosters op te stel (om wie geluk te wens, en waarmee?). Regtig, ons studenteleiers werk hulle heeltemal dood. Sulke *verantwoordelike* werk sal enige mens se senuwees ruïneer. Ons hoop die kommissie oor die vergoeding van studenteleiers betaal genoeg.

Gelukkig (of ongelukkig?) het die verslae van die res van die Dagbestuur al my pret bederf, want uit dié verslae lei ek af dat 'n mens nie te veel van die halfjaarverslag moet verwag nie (dalk gebeur daar iets in die laaste twee maande). Die Voorsitter en ander kon seker nie só min gedoen het as wat hulle verslae wil impliseer nie?

Dit bring by my Die Wapad — hoe kan julle 'n afleiding maak oor een ou se verslag (Sorgdrager) terwyl die ander nog minder weiniger niks gedoen het? Bespeur ek nie 'n bietjie vooroordeel nie? As die ou wou bedank, wie kan hom kwalik neem? Die verantwoordelikhede *moet* enige normale mens onderkry.

Ander Pukke: lees die verslae weer; lees my brief weer; en sê my — *Hoekom* sal ons Augustusmaand gaan stem? Antwoord: ons sal nie gaan stem nie.

Koos Botha

*Mnr. Joubert antwoord:*

*Laat ek begin deur te sê dat u briljant genoeg was om nie 'n brief te skryf wat handel oor mnr. Sorgdrager se halfjaarverslag nie, want dan sou dit geen antwoord werd wees nie.*

*Ten opsigte van my eie verslag die volgende antwoorde:*

*1. Albei kommissies handel oor vergoeding aan persone (LET WEL: SSR uitgesluit) wat vir die studentelewe meer doen as om te kritiseer. (Het u al 'n omvangryke kommissie soos dié hanteer?)*

*2. Het u enige besef van die sekuriteit van so 'n kompleks?*

*3. Het u al van die term notule gehoor?*

*4. Die PU is nie die enigste universiteit met 'n SSR nie.*

*5. Woon 'n SSR-vergadering by sodat jy jou kan verlos uit 'n grenslose moeras van onsekerheid.*

*6. Lees my verslag deeglik voordat jý besluit of ek my besig gehou het met die organisasie of met oriëntering self.*

*7. Hou die program dop vir 26 Mei, jy gaan miskien ook deel hê?!*

*8. Daar is belangriker mense as dié wat jy kritiseer.*

*Ek nooi u en die persone wat soos u mag dink, alhoewel ek weet hoe 'n klein groepie dit is, om 'n paar SSR-vergaderings by te woon sodat u nie aantygings maak waarin u uself in 'n verleentheid stel nie.*

*Ten slotte, u stem gaan geen verskil in die volgende verkiesing maak nie! My vriend/vriendin, haal jou hande uit jou sakke en maak reg wat jy dink verkeerd is!*

*(Die halfjaarverslae van SSR-lede wat in Die Wapad verksyn het, was UITTREKSELS wat ons uit die oorspronklike verslae gemaak het, en waarop ons waar nodig kommentaar gelewer het. Die skrywer het dit tog duidelik aan die begin van die artikel gestel! Mnr. Sorgdrager se verslag was in elk geval met ons ter perse gaan op 20 Mei nog nie deur die SSR goedgekeur nie. — Red.)*

**UIT**

**NO. 13**

# Massavergadering mis doel

Geagte redakteur

Massavergadering: wat is dit? Dit is veronderstel om 'n kommunikasiemedium tussen die massa en die SSR te wees. Die SSR op sy beurt skakel dan met die owerheid oor sake rakende die massa.

Daagliks word daar besware geopper oor swak kommunikasie op die PU. Maar as daar geleentheid gegee word om oor sake soos RAU-intervarsity, politiese betrokkenheid van SSR-lede, en ander kampussake te praat, versuim ons prims, HK's, en medestudente om hulle menings in die openbaar te lug.

Sover ons kennis strek het alle verenigings- en koshuisbesture skriftelik kennis gedra van die massavergadering wat op 7 Mei 1980 om 19h00 gehou sou word.

Bestuurslede moes afgevaardigdes na die vergadering stuur, of prims en HK's moes die vergadering gepropageer het. Hulle kon eerste- en tweedejaars verplig het om die vergadering by te woon, want dit is tog hieruit waar ons toekomstige leiers gekies moet word.

'n Woord van dank aan koshuise wat 'n koshuisvergadering belê het, terwyl hulle bewus was van die massavergadering.

Na aanleiding van hierdie gedrag doen ons 'n beroep op ons prims, HK's en ander bestuurslede wat hulle sout werd is om hulle pligte uit te voer.

Ten laaste bedank ons die ses persent studente wat wel die massavergadering bygewoon het.

M.G. Gouws en H.B. van der Walt

*(Brief verkort — Red.)*

# Wie is Estie?

**Mej. Estie le Roux, pas gekose sjampanjenooientjie, is 'n BA III-student met Geskiedenis en Internasionale Politiek as hoofvakke. Sy woon op Ottosdal, maar is oorspronklik afkomstig van Lichtenburg.**

Vrou-wees is die eerste prioriteit wat haar Skepper aan haar stel. Daarom wil sy die beste wat binne haar is uitbring.

Sy ag dit noodsaaklik dat die vrou haar plek in die lewe volstaan. 'n Vrou moet insig hê in wêreldsake en breek met die groef van kinders hê.

Haar lewensuitkyk is opreg en eerlik. Sy verafsku die oppervlakkigheid waarin die wêreld verval het.

Die belangrikste van alles is haar mens-wees. Sy sê 'n mens vind geluk wanneer jy jouself is. Voordat 'n mens self nie gelukkig is nie, kan jy nie ander gelukkig maak nie. 'n Mens leef eers vir jouself en dan vir ander.

Individualiteit is vir haar 'n saak van groot belang. Sy wil 'n ding op haar eie manier doen. Dit maak nie saak wat ander mense van haar sê nie. Sy kan nie alle mense in die lewe tevrede stel nie, solank sy weet sy is reg.

Individue trek haar meer aan as die massa. Sy is nie teruggetrokke nie, maar sien haarself op haar eie.

Sy beoefen kuns soos batik, skilder en musiek as stokperdjies. Kosmaak kom aan die beurt wanneer sy in die bui daarvoor is. Sy het ontdek sy hou ook van tuinmaak.

Wat eet en dieet betref is sy 'n geesgenoot met baie meisies op die kampus.

Mnr. Cobus Hamman, 'n boer van Lichtenburg, is die gelukkige man in haar lewe.



# Sjampanjenooi bou PU-beeld

**Mej Estie le Roux, die jaar se sjampanjenooientjie, sê haar doel is om ambassadeur te wees vir die PU. Dit gaan nie vir haar om haarself nie, maar die beeld wat sy kan uitdra tydens intervarsity.**

Sy sien die sjampanjenooientjie nie as 'n skoonheidskoningin nie, daarom druis dit nie in teen haar Christelike beginsels en die PU-beleid nie.

'n Artikel in 'n bekende weekblad is vir haar aanvaarbaar, omdat dit die PU se beeld uitdra. Die artikel gaan nie vir haar om die meisie nie, maar die beeld wat só 'n artikel uitdra. Die artikel behels geen beoordeling nie.

'n Foto van haar op 'n Sondagkoerant se agterblad staan haar nie aan nie. Die doel van die fotobyskrif is om die PU se beeld af te kraak. Dit skep in 'n mate tog 'n goeie indruk omdat dit 'n kontras vorm met die res van die agterblad. Sy was onbewus van die weekbladkwessie en het dit eers in die koerant gelees.

Sy sê baie oortuigend: "Jy vra my nie eers oor die Intervarsity nie . . . die Pukke gaan wen! Kovsies kan Tukkies nie eers wen nie, wat dan nog die Pukke?"

# Heide en Liberalia sink

Heide en Liberalia se skip, die Nuance Castle, het skipbreuk gely. Om die geleentheid te vier is 'n glasie wyn gelig en soutigheidjies is geniet.




*Die dames van Kulu in aksie tydens 'n interkoshuis tafeltennisliga wat gehou is om die interne gees te verbeter.*



*Mnr. en mev. J.A. Schutte, koshuisvader van Wag-'n-Bietjie en sy gade, verkeer gesellig saam met die eerstejaars. Mev. Schutte gee jaarliks vir die eerstejaars 'n geselligheid.*



*Wanda en Klawerhof in aksie tydens 'n sokkerwedstryd. Hulle het ook kragte gemeet in rugby en hokkie. Die jaarlikse instelling is afgesluit met kerrie en rys.*



*Mnr. Jacques Reassau, kaptein van die Nuance Castle, en mnr. Thys Eloff, lyfwag van die kaptein, lig 'n glasie wyn op die skipbreuk wat hulle skip gely het.*




Vandag speel ek en Tjorts dosent-dosent. Met ander woorde, ons vra mekaar simpel vrae en ons kry simpel antwoorde terug.

My beurt.
"Tjorts, glo jy aan die duiwel?"
"Ag is jy laf man," brom hy. "Dis net soos Vader Krismis. Dis sommer jou pa!"

Nou sy beurt.
"Wat gorrel 40 minute lank sonder om iets te sê?"
"Weet nie."
"Ha, ha," lag hy. "'n Dosent man. Wat gorrel 80 minute lank sonder om iets te sê?"

"Twee dosente."
"Reg. Wat gorrel drie ure lank, ok sonder om iets te sê?"
"Seker drie dosente," sê ek.
"Nee, 'n Tjorts-student besig met 'n uur vraestel!"

Weer sy beurt.
"Hoe lank sal dit 'n vlieg neem om deur 'n blik stroop te swem as die prys van suiker met sewe sent per kilo op is?"

"Nee gits Tjorts, ek weet nie."
"Jy darem dom," lag hy, "die antwoord is 'n skip."
"'n Skip? Nou waar kom die skip dan in?"
"In die hawe in man."

Hope en hope Tjorts

# Caput hou rugbydag

**Op Maandag 12 Mei het Caput en Klooster 'n jaarlikse rugbydag gehou. Caput het Vergeet-my-nie saamgenooi en Klooster vir Heide. Die dames het sokker gespeel. Caput en Vergeet-my-nie het die gemengde rugby 16-0 gewen. Die hoogtepunt was die eerste span rugby tussen Caput en Klooster. Caput het 12-0 gewen. Die geselligheid is afgesluit met 'n braaivleis.**


*Spaar 'n sent vir die student*



7 1/2 sent uit elke tien liter brandstof word geskenk aan die Sentrale Studenteraad

**Gooi nou in by Harold's Volkswagen**

Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261

# Karatekas bewys hulleself

**Nadat die karatespan van die PU tydens 'n driehoekige byeenkoms, wat by RAU op Saterdag 10 Mei gehou is, eerste geëindig het, is dit seker dat hulle op die oomblik een van die sterkste universiteitspanne is. RAU en Tukkies moes maar onderskeidelik tevrede wees met die tweede en derde plekke.**

In die dames kata afdeling was die PU deurentyd bobaas. Die spankata is deur Magda Holtzhausen, Claudine Grace en Johlene Rens gewen. Claudine en Magda het ook onderskeidelik gesorg dat die eerste en tweede plekke van die individuele kata aan die PU behoort.

Soon Pretorius, Dirk Badenhorst, Pieter Groenewald, Heinrich Sandilands, Reon du Plooy, Hennie du Toit, Charl van der Walt, André Peens, Pieter Pretorius en Rian Meyer is almal lede van die mans kumitespan. Dié span het naelskraap teen RAU met 22-21 gewen. Tukkies was derde met 17 punte.

In die gesamentlike manskate afdeling het die Pukke tweede ná RAU geëindig, maar die individuele kata is deur ons gewen.

Die finale puntestand is soos volg: PU - 46; RAU - 44; Tuks - 39,6. Die byeenkoms is gekenmerk deur skoon gevegte, min diskwalifikasies en 'n heerlike spangees.

# PU-kano wen

**Op Saterdag 10 Mei het die PU-kanoklub aan 'n klubkampioenskap op Parys deelgeneem en as die beste universiteitespan uit die stryd getree.**

In die seniorkampioenskap het die Pukke 89 punte behaal teenoor RAU se 87 en Tukkies se 51. 'n Gekombineerde span van Johannesburg, Vereeniging en die Likkewane het vierde geëindig.

In die kompetisie vir dames het Linda Visser (Vergeet-My-Nie) eerste gekom in die 4 kilometer K-1 wedvaart. In die 500m K-4 het die Pukke 'n tweede en vierde plek verower. Elmarie Schutte en Judy van der Walt het die tweede plek ingeneem in die K-2 oor 500m. In dieselfde kompetisie het Linda Visser en Elsie Vermeulen vierde geëindig.

In die kompetisies vir mans het Frank Wiehahn vierde geëindig in die 10km K-1. Vier seuns van Potchefstroom Tegnies het vir die Pukke deelgeneem en 'n tweede plek behaal in die 500m K-4 vir seuns o/16.

Die PU-kanoklub het oor die algeheel vierde geëindig en hulle was die beste universiteitspan teenwoordig. Die feit dat hulle byna geen juniors in die span het nie, was dan die oorsaak vir die vierde plek. Ander klubs maak oor die algemeen baie meer van juniors gebruik.



*Op die foto verskyn die PU-damespan wat op Parys tweede gekom het in die K-4 kompetisie. Hulle is van links na regs: Linda Visser, Melanie van der Merwe, Elmarie Schutte en Judy van der Walt.*

# Karin hou Puk se naam hoog

**Belowende jong tafeltennisspeelster, Karin Rink het onlangs Wes-Transvaal kleure vir onder een en twintig losgeslaan nadat sy reeds in 1978 junior Wes-Transvaal kleure behaal het. Van die vyfde tot die sewende Junie neem Karin deel aan die Suid-Afrikaanse onder een en twintig kampioenskappe in Pietermaritzburg.**

Volgens die voorsitter van die keurkomitee, mnr. F. Kunning het sy geweldige potensiaal met haar perfekte styl en haar sterkste wapen is haar rughand verdediging.

Karin word afgerig deur haar eie vader, dr. A.P. Rink wat huidig talle skole en klubs in die Vaaldriehoek afrig. Sy wil aanstaande jaar poog om weer 'n tafeltennisklub op die kampus te stig nadat dit einde '79 opgebreek is as gevolg van swak fasiliteite wat nie aan die WTTA se liga standaarde voldoen het nie.

# Binneshuise netbal key aftrek

**Tydens 'n netbaltoernooi wat op Saterdag 10 Mei gehou is het die verskillende koshuise soos volg geëindig: (koshuis A-liga) Vergeet-my-nie (13); Karlien (11); Klawerhof/Dinki (10); Wanda (7); Kasteel (6); Heide (4); Oosterhof (3); Wag-'n-Bietjie (0).**

Die B-liga se uitslae was soos volg: Karlien (9); Vergeet-my-nie (8); Klawerhof (6); Dinki/Kulu (4); Wanda (3); Heide (0).

Die PU-eerstespan het ook teen Kroonstad Wanderers op Viljoenskroon gaan speel en met 32-28 gewen. Kroonstad Wanderers word tans as een van die beste klubs in NOVS beskou. Baie geluk Pukke!

Op Donderdagaand 8 Mei is die eerste binnemuurse netbalwedstryd aan die PU gespeel. Nadat daar 'n vraag van die speelsters se kant gekom het vir binnemuurse netbal, is die saak ondersoek en daar is gevind dat so iets wel moontlik is. 'n Baan is in die grootsaal afgemeet en draagbare doelpale is verskaf. Die eerste wedstryd is Donderdagaand daar gespeel waar die PU-eerstespan die PU-tweedespan met 48-24 gewen het.

Volgens mev. Wilna Bolton sal die binnemuurse spel 'n gereelde instelling word, daar heers 'n beter atmosfeer en meer studente daag op as toeskouers. Veral die koshuiswedstryde wat gewoonlik gedurende die week beslis moet word, sal nou weeksaande in die grootsaal gespeel word.

Die netbalspanne van die PU het op Maandagaand 19 Mei teen Pote gespeel. Volledige uitslae en 'n verslag sal in die volgende Wapad verskyn.



*Op Donderdagaand 8 Mei is die eerste binnemuurse netbalwedstryde in die grootsaal gespeel. Die eerstespan van die PU het die tweede span met 48-24 geklop.*

# Gimnaste wen medaljes

**Die gimnaste aan die PU het weereens getoon dat hul van goeie gehalte en van groot waarde vir Wes-Transvaal is. Tydens die pas afgelope Wes-Transvaalse grade-kampioenskappe het die Pukke die volgende prestasies behaal:**

Vierde graad: Herman de Villiers het hierin 'n goue medalje verower met sy prestige vertoning waarvoor hy 'n punt van bó 8 gemiddeld behaal het. Hy het sy vertonings op die rekstok gelewer. Derde graad: In dié kompetisie was die teenstand sterk en die spanning het hoog geloop. André Mouton het gewen met Braam Mouton tweede en Pieter Louw in die derde plek. Wat die dames betref het Chrissie Els die goue medalje verower in die tweede graad. In die derde graad het Mariana Kritsinger 'n silwer medalje ontvang en Elmarie Kruger 'n brons medalje in die vierde graad.

*Tydens die damestrapkar koshuisliga gehou op Maandag 12 Mei het Vergeet-My-Nie eerts geëindig met Wag-'n-Bietjie tweede.*



# PU-muurbal wen RAU

**Op Saterdag 10 Mei het die PU-muurbal die RAU-spanne in die geheel gewen.**

Die eerste damespan het al vyf hulle wedstryde gewen. Louise le Roux wen 3-2, Estrisia du Plessis 3-2, Annette Theron 3-1, Mellie de Beer 3-0 en Miempie Venter 3-1.

Die eerste manspan het ook gewen met drie wedstryde teen twee. Johan Schoeman verloor, Eddie Schoch, Daan Gouws en Jim van Zyl wen en Jan Theunissen verloor.

Die Pukke se tweede manspan verloor met twee wedstryde teen drie.

# KORTSPORT

## SKERM:

Op Saterdag 10 Mei is 'n kompetisie tussen die PU-skermklub en Sasolburg hier by die PU gehou. Die uitslae lyk soos volg.

Beginners: Dames — Floret: PU (10) - Sasol (6). Mans — Floret: PU (5) - Sasol (4). Individuele kompetisies: Dames Floret: 1. Ria van der Walt (PU); 2. Vivien Leigh (Sasol); 3. Carina de Klerk (PU). Mans Floret: 1. Wynand van Rooyen (PU); 2. Frans Labuschagne (PU); 3. Pierre Briel (Sasol).

Die PU-skermklub was dus die algehele wenners.

## KOSHUISRUGBY:

Op Saterdag 10 Mei het die koshuisrugbyliga voortgegaan en die uitslae is soos volg: Caput wen Klooster met 13-0; Overs sorg vir 'n verrassing en wen Drakenstein met 14-10; Dawie Dup wen Villagers met 7-5; Hombré wen Amajuba met 19-1. (In koshuisrugby tel 'n strafskop deesdae net 1 indien iemand wonder waar Amajuba aan daai één ou puntjie kom!)

## RUGBY:
## PUKKE vs POTE

Op Saterdag 24 Mei speel die PU teen die POK. In die verlede het die kollege-studente die Pukke altyd oordonder wat toeskouers betref en hierdie slag wil ons dit net mooi andersom hê. Daarom is daar spesiaal vir vervoer na Oliënpark gesorg op Saterdag, kosteloos! Die hoofwedstryd sal om ongeveer 16h00 begin. Twee voorwedstryde sal ook gespeel word. Albei die o/20 spanne van die PU gaan teen die Kollege speel. Om 14h30 sal daar busse vertrek vanaf Oosterhof en die Sentrale eetsaal. Kom Pukke, trek op in julle massa en kom kyk hoe speel ons rugbymanne met Pote. Dit was nog altyd moeilik vir 'n span om te wen as sy teenstanders se toeskouers meer is as sy eie ondersteuners.

## HOKKIE:

Op Maandag 12 Mei het die eerste manshokkiespan van die PU vir die eerste keer in drie jaar 'n liga-wedstryd gewen. Desmond van Heerden en Dawid Erasmus het elk 'n doel geskiet en gesorg dat hulle met 2-1 teen Strathvaal wen. Baie geluk manne!